

30 Mei

**Skrifgedeelte: Lukas 11:5-8**

**Fokusgedeelte: Lukas 11:8**

### **'n Vriend in nood**

Christus leer hier dat ons gebede sekerlik verhoor word. Soos hierdie man wat teen middernag by 'n vriend gaan smeeke vir drie broodkoekies om sy onverwagte gaste te versorg.

Gasvryheid is 'n groot saak waar mense min het om van te leef. Hulle is op mekaar aangewese. So, toe gaste laatnag opdaag, was die man genoodsaak om 'n vriend te gaan opklop. Nou stel ons Here dit fyn: die vriend sou dalk nie lus wees om te help nie; op te staan, in die donker oor vrou en kinders te klouter – almal op die vloer in een klein vertrekke ... Lamp aansteek, deur oop sukkel ... Tog hélp hy, sou selfs nog méér gee as net drie broodkoekies. Waarom dan? Omdat sy vriend in nood so vrymoedig was om sy gaste te help. Christus gebruik 'n baie sterk woord wat net hier in die Nuwe Testament voorkom: die man was heeltemal skaamteloos. Hy was bereid om só ver te gaan ter wille van die versorging van sy gaste.

Ons Here wil sê: as 'n onvolmaakte mens bereid is om sóveel op te offer vir 'n vriend in nood, hoeveel meer sal God luister na ons noodgebede! Hy wat nooit sluimer en slaap nie. Hy wat nooit: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is.”

Het ons met ons gebede 'n blanko tjeke? Allermens. In die vorige verse het Christus dit reeds gestel. En “laat U wil geskied”, beteken: sy gee en nie-gee nie is albei liefdevolle, alwyse verhoring. Verder moet daar 'n innige verhouding bestaan. Sy alles-opofferende, alles-vergewende liefde het van ons die Vader se kinders gemaak. Ons moet Hom liefhê en dien. En alleen bid vir wat ons werklik benodig; nie met valse motiewe nie.

Sing: Psalm 81:1, 12

Ds. CJ Nagel (Messina)